

Spesiale Nuusbrief: 1 Junie 2021

1 Junie 2021

Geagte kollega

Die onlangse nuus in die omgewing waar ons leef is grootliks oorheers deur die moontlike wysiging van die Wet op die Beheer van Vuurwapens soos voorgestel deur die Sekretariaat van Polisie.

Hierdie nuusbrief gaan uitsluitlik hieroor.

Konsepwysigingswet

In 'n kennisgewing wat op 21 Mei in die Staatskoerant publiseer is, gee die Minister van Polisie kennis van die voorneme om die Wet op die Beheer van Vuurwapens (Wet 60 van 2 000) te wysig. Die opskrif dui aan dat dit die ministerie is maar geen woord word gerep oor wie die kennisgewing plaas nie. Dit mag dalk die Siviele Sekretariaat van Polisie wees aangesien kommentaar na hulle deurgestuur moet word.

'n Kopie van die konsepwysigingswet is nog nie in die Staatskoerant publiseer nie en is slegs beskikbaar op die webwerf van die Siviele Sekretariaat van Polisie.

Verskeie individue, groepe en organisasies het tot dusver hewig en met heelwat emosie op hierdie kennisgewing gereageer, terwyl SA Jagters nog geen formele standpunte ingeneem het nie. Ek het lede egter wel in kennis gestel dat die konsepwysigingswet nog nie "amptelik" gepubliseer is nie en dat SA Jagters effens later kommentaar sal lewer.

Die kennisgewing in die Staatskoerant is [hier](#) beskikbaar. 'n Kopie van die konsepwysigingswetsontwerp op die webwerf van die Siviele Sekretariaat van Polisie is [hier](#) beskikbaar.

Die Raad van SA Jagters het op Donderdag 27 Mei 2021 besluit om in Junie te fokus op verskeie aksies om lede en die publiek beter in te lig oor waarmee SA Jagters besig is, naamlik:

1. **Verskaf van feitelike en relevante inligting aan lede en die publiek** oor verskeie aspekte soos vervat in die konsepwetsontwerp, sowel as die proses rondom die voorgestelde wysiging.
2. **Versoeke tot aksie aan lede en die publiek** om spesifieke aksies te neem soos byvoorbeeld om petisies te teken of om hulle eie kommentaar oor die konsepwysigingswet aan die Sekretariaat van Polisie te stuur. Verskeie sodanige versoeke sal deurlopend in die volgende maand aan lede gestuur word. Ons wil ook die publiek op soortgelyke wyse betrek.
3. **Vorbereiding van gedetailleerde kommentaar op die konsepwysigingswet** waarin SA Jagters in die agtergrond volledige kommentaar sal voorberei op die konsepwysigingswet wat ons aan lede beskikbaar sal stel.
4. **Samewerking met ander rolspelers** waar ons inligting en standpunte sal beskikbaar stel aan enige ander party wat dieselfde doel het, naamlik om sekere van die wysigings in die konsepwysigingswet teen te staan. In hierdie verband werk SA Jagters veral nou saam met Agri SA, TLU, die United Firearms Forum en Safe Citizen. Die Vereniging sal egter ook met ander partye saamwerk indien hulle dit versoek, en mekaar ondersteun.
5. **Die bedoeling met die proses** – soos goedgekeur deur die Raad - is om lede oor verskeie sake in te lig en hulle ondersteuning te vra vir spesifieke optrede. Die Raad het ook besluit om advertensies in 'n verskeidenheid media te plaas en ook blootstelling op TV te probeer kry om die implikasies van die voorgestelde

wysigingswet bekend te stel. Dit sal ook fokus op SA Jagters se reaksie ten opsigte van die konsepwysigingswet.

Hierdie proses sal gedurende Junie van stapel gestuur word met amptelike kennisgewings aan lede per e-pos en 'n reeks kennisgewings op sosiale media (Facebook en Twitter). Hierdie inligting sal ook aan die publiek beskikbaar gestel word.

Ons vra lede om hierdie proses te ondersteun en ons boodskappe sover moontlik te versprei.

'n Spesiale Zoom-vergadering vind op Dinsdag 1 Junie 2021 om 18:00 plaas met alle streekkoördineerders en takvoorsitter om hulle oor hierdie proses in te lig.

Die eerste boodskap word op 1 Junie uitgestuur en handel spesifiek oor **die reg op wapenbesit**. Is dit 'n reg of 'n voorreg om 'n wapen te besit in RSA? Dit het betrekking op die inhoud van die konsepwysigingswet dat selfverdediging nie aanvaar sal word as motivering om 'n vuurwapenlisensie te kry nie. SA Jagters se siening is [hier](#) beskikbaar.

Vir u kennisname, [hier](#) is die standpunt van Lennit Max (voormalige bevelvoerder van die SAPS in die Wes-Kaap en ook voormalige spesiale adviseur van min. Cele).

Hierdie is die eerste nuusbrieff as deel van die proses wat ons in Junie sal volg om lede in te lig.

Vriendelike groete

Fred Camphor
SA Jagters: HUB